
# Die Pad

Op 31 Januarie 1990, staan Suid-Afrika voor die kruispad. Die keuse: 'n toekoms gebou op doelgerigte verandering, versoening en demokrasie. Of die gapende afgrond van isolasie, sanksies, geweld en disintegrasie.



REUTER

## Februarie 1990

Na talle private vergaderings tussen die Regering en die vernaamste politieke partye kondig FW de Klerk die vrylating van Nelson Mandela, die wettiging van die ANC, die PAC en ander politieke organisasies aan, en verbind Suid-Afrika tot 'n onherroeplike proses van verandering en versoening. Dit dui die begin van 'n optimistiese toekomspad aan.



THE ARGUS

## Mei 1990

Wat al bestempel is as "die beslissendste samesprekings in die Suid-Afrikaanse geskiedenis", het die eerste rondte onderhandelings by Groote Schuur op dreef gekom om die toekoms van Suid-Afrika te bepaal. Die versoeningsproses het begin.



REUTER

## Mei 1990


Talle uitgewekenes van verskillende politieke organisasies kom terug na jare in die buiteland. Die gesindheid is een van vergifnis, hoop en versoening.



THE ARGUS


## Augustus 1990

Na 'n marathongesprek van 15 uur in Pretoria, kondig Nelson Mandela aan dat die ANC "onmiddellik alle gewapende aksies laat vaar" en dat "geen gewapende aksie en verwante bedrywighede verder deur die ANC en sy militêre vleuel, Umkonto We Sizwe, onderneem sal word nie".




## Desember 1991

Die deurslaggewendste oomblik in die onlangse Suid-Afrikaanse geskiedenis vind plaas met die aanvang van die Kodesa-onderhandelinge. Die veelrassige samesprekings open die deur vir 'n nuwe politieke bedeling van onderhandeling en verandering in Suid-Afrika.



THE ARGUS

## Januarie 1992

Die verslapping van burokratiese beperkings en die vermindering van administratiewe rompslomp kry momentum met die Nuwe Sakewet. Dit verleen meer vryheid aan smouse en die informele sektor, skaf 60 tot 80 ordonnansies af wat sakebedrywighede beheer, en maak dit makliker vir klein ondernemings om te ontwikkel en groei.




## Maart 1992

In 'n reuse-oorwinning vir hervorming, steun 60,8% van alle blanke stemgeregtigdes ('n totaal van 2,8 miljoen kiesers) die voortsetting van onderhandelinge en die einde van eeue se blanke heerskappy.



THE CAPE TIMES

## Julie 1992


Met die sensasionele 1-0 oorwinning oor die Wêreldbeker kwarteindstryd-sterre Kameroen by Kings Park Stadion, Durban, keer Suid-Afrika na die wêreld van internasionale sokker na 'n afwesigheid van 18 jaar terug. Kaiser Chiefs-ster en held van die wedstryd, Doc Khumalo, sê dat dit die hoogtepunt van sy sokkerloopbaan was.



AGENCE FRANCE PRESS


## Augustus 1992

Elana Meyer se verowering van 'n silwermedalje is die simboliese beëindiging van Suid-Afrika se 32 jaar lange isolasie van die grootste sportgebeurtenis ter wêreld. 64 000 toeskouers het haar geesdriftig in die 10 000m vir vroue by die Barcelona Olimpiese Stadion toegejuig. 'n Emosionele Elana het haar prestasie aan "die nuwe Suid-Afrika" opgedra.



## November 1993


Mr Bean se verskyning op Suid-Afrikaanse televisie dui op die einde van die 17 jaar lange Equity-verbod op die verkoop van Britse materiaal aan Suid-Afrika, en breek die kulturele droogte van die apartheidsjare.



THE STAR

## November 1993

Die aanvaarding van die tussentydse grondwet deur die Veelparty Onderhandelingsraad lê die fondament vir 'n demokratiese Suid-Afrika en bring 'n einde aan die era van minderheidsheerskappy om die land na 'n nie-rassige, nie-diskriminerende toekoms te lei.




## Januarie 1994

PAC Voorsitter mnr. Clarence Makwetu kondig aan dat die PAC die gewapende stryd van die afgelope 30 jaar deur sy gewapende vleuel Apla staak. Die PAC bevestig dat hulle aan die verkiesing gaan deelneem.
"Die PAC kondig hierdie moratorium aan om te toon dat ons vrede voorstaan, wat belangrik is om 'n vry, regverdige verkiesing te verseker."



## Maart 1994

Na 'n marathon-spitsberaad van agt uur met Nelson Mandela in Durban, kondig Hoofman Mangosuthu Buthelezi aan dat sy Inkatha Vryheidsparty dit gaan oorweeg om vir die komende verkiesing te registreer. Binne enkele dae registreer genl. Constand Viljoen ook die Vryheidsfront.




## 27 en 28 April 1994

Hierdie datums sal van deurslaggewende belang vir die toekoms van Suid-Afrika wees. Die geskiedenis sal ons na ons optrede oordeel. Kom ons laat ons eerste demokratiese verkiesing dus suksesvol verloop dat geslagte van die toekoms trots daarop sal wees. Laat ons vrede, deelname en verdraagsaamheid voorstaan. Dit is in ons, die mense van Suid-Afrika, se hande.

UITGEREIK DEUR DIE SAKESEKTOR VERKIESINGSFONDS, POSBUS 2352, JOHANNESBURG, 2000.

# van Hoop.



THE ARGUS

## September 1990

In 'n belangrike beleidverskuiwing weg van die verlede, kondig die regering aan dat alle blanke staatskole in 1991 vry sal wees om leerlinge van alle rasse toe te laat.




THE ARGUS

## Desember 1990

Aan die einde van 'n waterskeidingsjaar, kondig die Europese Ekonomiese Gemeenskap aan dat hulle die verbod op nuwe beleggings in Suid-Afrika ophef en stem in beginsel ooreen om alle ekonomiese sanksies op te hef sodra alle diskriminerende wetgewing afgeskaf is.



THE STAR

## Junie 1991


Die parlement stoot die pilare van apartheid om: die Bevolkingsregistrasiewet van 1950, die Wette op Grondbesit van 1913 en 1936 en die Groepsgebiedewet van 1966, en maak sodoende die mees kwetsende en grondliggende wette van apartheid iets van die verlede.




REUTER

## September 1991


Die historiese ondertekening van die Vredesooreenkoms deur die Regering, ANC, IVP en 30 ander organisasies verbind die ondertekenaars om vir vrede te werk. Dit lê die grondslag vir volle grondwetlike onderhandelinge.



THE STAR

## November 1991

Meer as 20 jaar van diplomatieke en sportisolasie word by Eden Park, Indië, skoongeboul. Voor die grootste krieketskare in die geskiedenis, keer Suid-Afrika na dié wêreldsport terug. Dit word ook die eerste amptelike kontak tussen Suid-Afrika en Indië sedert Suid-Afrika die Gemenebes in 1961 verlaat het.



THE STAR

## Augustus 1992

Na 16 jaar van vergetelheid in die rugbywêreld, beleef 70 000 bewonderaars op Ellispark en miljoene meer tuis weer die terugkeer van die Springbokke tot internasionale rugby in 'n naelskraap nederlaag van 24-27 in 'n kragmeting met die All Blacks.



ASSOCIATED PRESS

## November 1992

Met 'n moedige en strategies briljante poging wen Willy Mtlolo die New York Marathon nadat Suid-Afrika, danksy 'n besluit deur die Internasionale Amateur Atletiekfederasie in Mei 1992, weer tot internasionale sport toegelaat is. Mtolo, die innemende Zoeloe, het gesê: "Ek kan dit glad nie glo nie."



THE STAR

## April 1993

Die opvolger van Kodesa, die Veelparty Onderhandelingsforum, het met 26 afgevaardigdes vergader. Dit is die mees omvattende en uiteenlopende politieke groep wat nog in Suid-Afrika byeengekom het. Ondanks talle meningsverskille kommunikeer politieke partye aan weerskante van die spektrum uiteindelik van aangesig tot aangesig.



THE ARGUS

## September 1993

Die verstommende sukses van Vredesdag toon duidelik dat gewone mense vrede in hul land voorstaan en nastreef. Emosionele tonele speel af terwyl duisende mense oor die hele land hande vashou vir 'n minuut stilte ter nagedagtenis aan die slagoffers van geweld.



AGENCE FRANCE PRESS

## September 1993

Noorweë se Nobelkomitee kondig aan dat President FW de Klerk en ANC Voorsitter Nelson Mandela die Nobelprys vir Vrede deel vir hul bydrae om apartheid te beëindig.

Ons, die mense van Suid-Afrika, is op die pad van hoop.

Ons het bereik wat min mense elders ter wêreld as moontlik beskou het.

Ons het geleer om met mekaar te praat, na mekaar te luister, met mekaar te speel en met mekaar saam te werk.

Dit is 'n wonderwerk.

Suid-Afrikaners het hul ergste vrese en haat oorkom om 'n skikking moontlik te maak. Wat ons bereik het, is 'n voorbeeld vir die wêreld.

Daar lê egter nog baie werk voor: jou stem is maar die vertrekpunt.

Dan sal ons 'n nuwe begin hê, en ons verkose verteenwoordigers sal voortgaan om die grondwet vir ons land te finaliseer.

Dit is in ons, die mense van Suid-Afrika, se hande.




**Ons staan op die drumpel van 'n nuwe land. Nou is dit in ons hande. Laat elke stem 'n bousteen wees. Laat ons verdraagsaamheid en welwillendheid ons land saambind en verenig. Op 27 en 28 April, terwyl die wêreld toekyk, laat ons 'n welvarende nasie bou.**

DIE SAKEGEMEENSKAP STAAN VIR DIE BOU VAN 'N WELVARENDE NASIE

OGILVY & MATHER RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN